

13. Bybelmedia, Bybelvertaling en -verspreiding

13.1 RAPPORT DEPUTATE BYBEL (Artt.70, 155)

- A. Ds. EJ Tiemensma stel die Rapport.
- B. **Besluit:** Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
- C. Dr. AJ Krüger rapporteer namens die Kommissie : Bybel en Media oor 2.3.3 en 2.3.4.
- D. Ds. G Kritzinger van die Bybelgenootskap dra die groete van dié instansie aan die Sinode oor.

E. RAPPORT

1. Opdrag

1.1 *Sake waarvan die Sinode moet kennis neem*

- 1.1.1 Die opdrag van die Deputate Bybel het op Bybelmedia, Bybelverspreiding en Bybelvertaling betrekking. Die opdragte word by die onderskeie rapporte aangehaal.
- 1.1.2 U Deputate het deur die loop van 2001 vir ds. AL Coetzer as lid van hierdie Deputate benoem. Sy benoeming het met die afsterwe van dr. AGS Venter in verband gestaan. Die Deputate wil vooraf die werk en bydrae deur dr. AGS Venter in dankbare herinnering bring. Die gawes wat die Here aan hom gegee het, het ook op hierdie terrein in diens van Hom gestaan.

1.2 *Sake waaroor die Sinode moet besluit*

- 1.2.1 Die Sinode keur die benoeming van ds. AL Coetzer goed.

Besluit: Kennis geneem.

2. Bybelmedia

2.1 *Opdrag (Acta 2000:178, 3.2)*

- 2.1.1 Daar word weer Deputate benoem (verkieklik uit Klassis Boland) met die opdrag om met Bybelmedia saam te werk in die keuring van manuskripte.

Besluit: Kennis geneem.

2.2 *Sake waarvan die Sinode moet kennis neem*

- 2.2.1 Dr. F van der Walt is as deputaat benoem met ds. MP Hendricks as sekundus.
- 2.2.2 Dr. F van der Walt het aan die Deputate Bybel gerapporteer dat geen manuskripte aan hom voorgelê is om in die keuring daarvan saam te werk nie.
- 2.2.3 Bybelmedia maak tans nie meer van adviespanele in die keuring van manuskripte gebruik nie (vgl ook Acta 2000:178, 2.2).

Besluit: Kennis geneem.

2.3 *Sake waaroor die Sinode moet besluit*

- 2.3.1 Die Sinode keur die benoeming van dr. F van der Walt (met ds. MP Hendricks as sekundus) goed.
- 2.3.2 Die Deputate Bybel hou skakeling met Bybelmedia.
- 2.3.3 Behalwe in die geval wanneer Bybelmedia weer van adviespanele in die keuring van manuskripte gebruik sou maak, word daar nie Deputate vir Bybelmedia aangewys nie.

2.3.4 Persone word verkieslik uit die Klassis Boland aangewys indien Bybelmedia in die toekoms weer van adviespanele gebruik sou maak.

Besluit: Die Kommissie Bybel en Media het toestemming gevra om terug te kom na 2.3.3 en 2.3.4. Goedgekeur.

Om van kennis te neem

Skakeling met Bybelmedia is nie verwys na die Kommissie Bybel nie, maar die toeligtig van ds. Hans Linde van Bybelmedia by die Kommissie, het dit duidelik gemaak dat Bybelmedia in die afgelope drie jaar in 'n herskikkingsproses betrokke was. Hulle versoek is dat die Deputate vir Bybelmedia nie beskikbaar sal wees net vir keuringswerk nie, maar 'n kommunikasielyn van Bybelmedia na die GKSA sal verteenwoordig, sodat daar o.a. vasgestel kan word aan watter tipe publikasies die GKSA 'n behoefte het.

Aanbeveling

1. Dat daar weer Deputate vir Bybelmedia aangewys word, en wel uit Klassis Boland op grond van praktiese oorwegings.
2. Dat die opdrag van die Deputate uitgebrei sal word om ook skakeling tussen die GKSA en Bybelmedia in te sluit.

Besluit: Goedgekeur.

3. Bybelverspreiding

3.1 *Opdrag 1 (Acta 2000:180, 5.1)*

3.1.1 Die Sinode benoem weer Deputate vir Bybelverspreiding met opdrag Fondsinsameling vir Bybelverspreiding en skakeling met die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Besluit: Kennis geneem.

3.2 *Sake waarvan die Sinode moet kennis neem*

3.2.1 Waarnemende skakeldeputaat

3.2.1.1 Die Deputate Bybel het ds. GA Hattingh, met goedkeuring van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, tot die Sinode van 2003 as waarnemende Skakeldeputaat benoem. Hierop word in 4.1 teruggekom.

3.2.2 Fondsinsameling

3.2.2.1 Soos in die verlede is gereelde inligtingstukke en promosiemateriaal deur die Skakeldeputaat uitgestuur aan Kerkrade, meerdere vergaderings en donateurs. Uitstallings en kollektes vir Bybelverspreiding is by gemeentes en saamtrefke gehou. Persoonlike kontak is deur die Skakeldeputaat met gemeentes, predikante en Klassisdeputate onderhou.

3.2.2.2 Kollektes en donasies is gereeld ontvang. Die totale inkomste vir die jaar 2000 en 2001 is soos volg:

Jaar geëindig 31 Oktober	Bedrag	Gemiddeld per Belydende lidmaat
2000	R877 218.35	R11-70
2001	R830 799.62	R11.19

3.2.2.3 Bibliathon 2000 beïnvloed die gemelde bedrae.

3.2.2.4 Vir die jaar geëindig 31 Oktober 2002 sal aanvullend gerapporteer word.

3.2.3 Skakeling met die Bybelgenootskap van Suid-Afrika

3.2.3.1 Die verhouding tussen die Deputate en die Bybelgenootskap was deurlopend baie goed.

3.2.3.2 Die Bybelgenootskap funksioneer volgens Wet 15 van 1970. Hiervolgens word voorsiening gemaak vir kerklike verteenwoordiging op die bestuur van die Bybelgenootskap. Verskeie predikante en lidmate van die GKSA dien op die onderskeie Streeksrade van die Bybelgenootskap en soms ook op die Nasionale Raad.

Besluit: Kennis geneem.

3.3 *Sake waaroor die Sinode moet besluit*

3.3.1 Die Sinode neem met dank en waardering kennis van finansiële bydraes wat ter ondersteuning vir Bybelverspreiding en die werk van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika ontvang word.

3.3.2 Die Sinode neem as riglyn vir Bybelverspreiding die bedrag waarmee die Bybelgenootskap een Bybel subsidieer, plus R1-00. In 2002 is dit R20-00 (per belydende lidmaat per jaar). Die Deputate moet die riglyn jaarliks aan die kerke voorsien (Acta 1997:121, 3.1.1.2).

Besluit: Goedgekeur.

4. Bybelverspreiding

4.1 *Opdrag 2 (Acta 2000:180, 5.2)*

4.1.1 Die nuwe Deputate gee aandag aan die onderhandeling met 'n Kerkraad (of Kerkrade) vir die dienste van 'n predikant of predikante by die Bybelgenootskap na die eventuele emeritering van ds. GA Hattingh.

Besluit: Kennis geneem.

4.2 *Sake waarvan die Sinode moet kennis neem*

4.2.1 Onderhandeling met 'n Kerkraad (of Kerkrade)

4.2.1.1 Die Deputate het indringend aandag aan die benoeming van 'n Skakeldeputaat in die plek van ds. GA Hattingh gegee.

4.2.1.2 'n Kommissie van die Deputate het met verteenwoordigers van die Bybelgenootskap hieroor in gesprek getree en vergader.

4.2.1.3 Die Deputate het met Kerkrade en predikante in hierdie verband geskakel. Enkele telefoniese navrae is van predikante ontvang. In beide gevalle moes rekening gehou word met vereistes wat deur die Bybelgenootskap gestel word.

4.2.2 Kerkregtelike verantwoording

4.2.2.1 Die uitvoering van hierdie opdrag het die Deputate by 'n kerkregtelike verantwoording te staan gebring, aangesien die benoeming van ds. GA Hattingh as Skakeldeputaat 'n eie aanloop en verloop gehad het.

4.2.2.2 Twee kommissies van die Deputate het op die kerkregtelike aspekte van die dienste van 'n predikant by die Bybelgenootskap as Skakelbeampte ingegaan. Die volgende aspekte is in berekening geneem:

- die historiese verloop van betrokkenheid by die Bybelgenootskap vanaf die Sinode van 1967 tot die Sinode van 2000
- die ooreenkomste aangegaan met Skakeldeputate deur die Bybelgenootskap en kerkrade
- die posoms krywing deur die Bybelgenootskap van 'n Skakeldeputaat
- kerkregtelike adviese.

4.2.3 Gesprekke met Bybelgenootskap

4.2.3.1 Die Kommissies van die Deputate se gesprekke met die Bybelgenootskap (met 4.2.1 en 4.2.2 as agtergrond) het tot die volgende besluit deur die

Uitvoerende Komitee van die Nasionale Raad van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika gelei: “Verder word ook bevestig dat ‘n Skakeldeputaat wat nie noodwendig ‘n predikant is nie, na verdere onderhandeling met die Bybelgenootskap, aangestel sou kon word” (Bylae A).

- 4.2.3.2 As tussentydse maatreël, totdat hieroor aan die Sinode van 2003 gerapporteer word en op sy versoek, is ds. GA Hattingh as waarnemende Skakeldeputaat tot die Sinode van 2003 benoem. Die Bybelgenootskap is hierin geken en het hierdie tussentydse reëling in orde gevind (Bylae A).

Besluit: Kennis geneem.

4.3 *Sake waaroor die Sinode moet besluit*

- 4.3.1 Die Sinode keur die versoek en onderhandelinge met die Bybelgenootskap goed wat tot die benoeming van ds. GA Hattingh as waarnemende Skakeldeputaat tot die Sinode van 2003 gelei het.

- 4.3.2 Die te benoemde Deputate finaliseer, na verdere onderhandeling met die Bybelgenootskap, die benoeming van ‘n Skakeldeputaat met inagneming daarvan dat die Skakeldeputaat nie noodwendig ‘n predikant hoef te wees nie.

Besluit: Goedgekeur.

5. Bybelvertaling

5.1 *Opdrag (Acta 2002:183, 4.1)*

- 5.1.1 Verleen samewerking binne die begroting aan vertalingsimposia en -kongresse van die Bybelgenootskap van SA, asook Universiteite.
- 5.1.2 Benoem persone op die Advieskomitee vir Bybelvertaling en op die Keurkomitee van die Afrikaanse Bybel vir Dowes, wanneer so versoek.
- 5.1.3 Gee ernstig aandag aan die bevordering van die saak van ‘n brontaalgeoriënteerde vertaling van die Bybel in moderne Afrikaans, onder andere deur die selfstandige reël, in samewerking met die Bybelgenootskap, van ‘n Bybelvertalingskongres of –simposium, vernaamlik toegespits op ‘n brontaalgeoriënteerde vertaling.
- 5.1.4 Gee op ‘n deurlopende basis aandag aan die vertaling van die Godsdname *YHWH* en *Adonai* in eventuele Bybelvertaling en –hersienings.

Besluit: Kennis geneem.

5.2 *Sake waarvan die Sinode moet kennis neem*

5.2.1 Afrikaanse Bybelvertaling vir Dowes

- 5.2.1.1 Die boeke Genesis en Markus is eerste in een uitgawe uitgegee en daarna die boeke Daniël en die klein profete. Op 28 Julie 2002 is die vier evangelies uitgegee. Hierdie publikasies is gunstig deur die belanghebbendes ontvang. Dit het onder die aandag van die Deputate gekom dat die GKSA se verteenwoordigers op die Keurkomitee in die afgelope tyd geen proefvertalings vir kommentaar ontvang het nie. Hierdie saak is met prof. JP Oberholzer as koördineerder opgeneem. Hy het sy spyt daarvoor uitgespreek en onderneem om dit reg te stel.

5.2.2 Afrikaanse Bybel – 70 jaar

- 5.2.2.1 In 2003 is dit 70-jaar sedert die vertaling van die Afrikaanse Bybel in 1933. Die Deputate het dit onder die aandag van die Bybelgenootskap gebring om dit op gepaste wyse in dankbare herinnering te roep.

- 5.2.2.2 Die oorwoë mening is egter dat liefs tot die 75-jarige bestaan van die Afrikaanse vertaling van die Bybel vir 'n herdenkingsfees en jubileumpublikasies gewag word.
- 5.2.3 Advieskomitee vir Bybelvertaling by die Bybelgenootskap
- 5.2.3.1 Afgevaardigdes het sedert die Sinode 2000 by drie geleenthede saam met die Bybelgenootskap se Advieskomitee vergader.
- 5.2.3.2 Op 'n vergadering van 13 November 2000 is die behoefte aan 'n nuwe Afrikaanse Bybel weer deur die afgevaardigdes van die GKSA gestel. Sommige verteenwoordigers van die ander Afrikaanse kerke het hulle steun hiervoor uitgespreek. Die vergadering het soos volg besluit:
- Dat kerke wat die Afrikaanse Bybel gebruik, versoek word om die moontlikheid van 'n nuwe vertaling van die Bybel ernstig te bespreek en terug te rapporteer aan die Bybelgenootskap.
 - Dat die Bybelgenootskap deeglike marknavorsing onder die Afrikaanssprekende publiek sal laat doen oor die behoefte aan 'n nuwe vertaling.
 - Dat die Bybelgenootskap in 2001 'n simposium sal reël waarby 'n oorsig gebied sal word van nuwe insigte ten opsigte van die teorie en praktyk van Bybelvertaling in die lig van onlangse internasionale ontwikkelinge op die gebied van die vertaalkunde.
- 5.2.3.3 Navraag oor die behoefte aan 'n nuwe vertaling is op 28 November 2000 en weer op 4 Oktober 2001 per brief by al die kerke, ook die GKSA gedoen. Die GKSA-lede van die Advieskomitee (sowel as die Deputate Bybel) het as "amptelike standpunt van die GKSA" die besluit van die Sinode 2000 oor die behoefte aan 'n brontaal-georiënteerde vertaling in Afrikaans aan die Bybelgenootskap deurgegee.
- 5.2.3.4 Die beplande simposium, deels as 'n uitvloeisel van die versoek van die GKSA om aandag aan die daarstel van 'n nuwe meer brontaal-georiënteerde vertaling te gee, het op 20–22 Augustus 2001 by die Lutherse Konferensiesentrum te Kempton Park plaasgevind. Al die verteenwoordigers van die GKSA op die Kerklike Advieskomitee, asook enkele belangstellende Gereformeerde predikante (di. GJ van Wyk en WJ Botha) en akademici verbonde aan die fakulteit Teologie van die PU vir CHO het die simposium bygewoon.
- 5.2.3.5 Aangesien daar verskeie buitelandse deelnemers teenwoordig was, moes die simposium noodwendig in Engels plaasvind. Prof. GJC Jordaan, een van die lede van die GKSA op die Advieskomitee, en prof. Heilna du Plooy (PU vir CHO) het tydens hierdie simposium 'n voordrag gelewer. Die vyftien (15) voordragte wat by die simposium gelewer is, word in 'n uitgawe van die geakkrediteerde wetenskaplike tydskrif *Acta Theologica* in die loop van 2002 gepubliseer (en met verwysing daarna as Bylae B aangeheg).
- 5.2.3.6 In die groepsbespreking aan die einde van die simposium was daar by die meerderheid van afgevaardigdes eenstemmigheid dat daar 'n behoefte aan 'n nuwe Afrikaanse vertaling van die Bybel bestaan.
- 5.2.3.7 Die Bybelgenootskap het intussen marknavorsing oor die behoefte aan 'n nuwe Afrikaanse vertaling van die Bybel laat doen. Aanvanklik sou Markinor hierdie navorsing onderneem het, maar die Universiteit van Stellenbosch kon dit meer koste effektief doen. Die marknavorsing is onder leiding van prof. Johan Mouton gedoen. Vir hierdie navorsing is *pro rata* een stedelike gemeente in die Wes-Kaap, een stedelike gemeente in Noordwes, twee

stedelike gemeentes in Gauteng en twee plattelandse gemeentes in die Vrystaat en Noord-Kaap omgewing aan die GKSA toegeken. Na oorlegpleging het die Deputate die Gereformeerde Kerke Bellville-Oos, Potchefstroom, Kempton Park-Mooifontein, Silverton, Colesberg en Petrusburg genader. Honderd predikante van die GKSA is ook by die navorsing betrek.

- 5.2.3.8 Op 1 Maart 2002 het die Advieskomitee weer in Kempton Park vergader.
- By die geleentheid is terugvoering oor die marknavorsing gegee. Die verslag het heelwat insiggewende gegewens na vore gebring. Dit blyk dat nie meer as 20% van die kerke van die GKSA op hierdie navorsing gereageer het nie (naastenby dieselfde reaksie as die ander Afrikaanse kerke). Die verslag sal mettertyd deur die Bybelgenootskap wyer bekend gestel word.
 - By die vergadering is na aanleiding van die simposium en die marknavorsing die wenslikheid van 'n nuwe Afrikaanse Bybelvertaling opnuut uitgespreek. Die Bybelgenootskap het besluit op verdere navorsing voordat 'n nuwe vertaling aangepak word.
 - Die Bybelgenootskap is versoek om met enkele proefvertalings verskillende vertalingsmoontlikhede te ondersoek.
- 5.2.3.9 In April 2002 het die Bybelgenootskap vier vertalingsentra (UP, PU vir CHO, UV en US) aangewys om die Bybelgenootskap met die daarstel van sodanige proefvertalings behulpsaam te wees. By die PU vir CHO is die volgende paneel saamgestel: proff. GJC Jordaan (sameroeper), HF van Rooy, PP Krüger, JJ Janse van Rensburg, FP Viljoen, EM Cornelius, mev. G Jardim en dr. AJ Krüger. Die paneel rapporteer in Oktober 2002 terug aan die Bybelgenootskap oor die proefvertalings.

Besluit: Kennis geneem.

5.3 *Sake waaroor die Sinode moet besluit*

- 5.3.1 Die volgende persone is as lede op die Keurkomitee van die Afrikaanse Bybelvertaling vir Dowes benoem: ds. Dion van der Walt en sr. Naomi van Vuuren.
- 5.3.2 Die volgende persone is op die Advieskomitee by die Bybelgenootskap benoem: proff. JJ Janse van Rensburg, GJC Jordaan, PP Krüger, HF van Rooy en dr. HJM van Deventer. Prof. J Swanepoel en dr. AGS Venter is as sekundi benoem. Met die oog op die simposium oor Bybelvertaling is dr. AJ Krüger vanweë kundigheid op die gebied van Bybelvertaling ook as 'n lid benoem. Die Bybelgenootskap is van hierdie benoemings in kennis gestel.
- 5.3.3 Die GKSA spreek sy dank uit teenoor die Bybelgenootskap vir die aanvoerwerk wat vir 'n moontlike nuwe vertaling van die Bybel in Afrikaans gedoen word.
- 5.3.4 Die Sinode betuig sy waardering vir die insette wat die GKSA se afgevaardigdes by die Advieskomitee en die simposium oor Bybelvertaling in 2001 gelewer het.
- 5.3.5 Die opdrag van die Sinode 2000 word gekontinueer: "Gee ernstig aandag aan die bevordering van die saak van 'n brontaal-georiënteerde van die Bybel in moderne Afrikaans" en: "gee op 'n deurlopende basis aandag aan die vertaling van die Godsdname *YHWH* en *Adonai* in eventuele Bybelvertalings en hersienings" (Acta 2000:183, 4.1.3 en 4.1.4).

5.3.6 Die GKSA word versoek om, wanneer opnames en oorwegings in verband met vertalings van die Bybel in Afrikaans deur die Bybelgenootskap gevra word, hulle samewerking te verleen.

Besluit: Goedgekeur.

6. Aanbevelings

6.1 Benoem weer Deputate Bybel met die volgende opdragte:

6.1.1 *Bybelmedia*

6.1.1.1 Hou skakeling met Bybelmedia.

6.1.1.2 Benoem persone indien Bybelmedia van adviespaneel in die keuring van manuskripte gebruik maak (verkieslik uit die Klassis Boland).

6.1.2 *Bybelverspreiding*

6.1.2.1 Hou fondsinsameling vir Bybelverspreiding en skakeling met die Bybelgenootskap in Suid-Afrika in stand.

6.1.2.2 Voorsien die kerke jaarliks van die riglyn vir bydraes ten opsigte van Bybelverspreiding.

6.1.2.3 Finaliseer na verdere onderhandeling met die Bybelgenootskap die benoeming van 'n Skakeldeputaat.

6.1.3 *Bybelvertaling*

6.1.3.1 Benoem persone op die Keurkomitee van die Afrikaanse Bybel vir Dowes.

6.1.3.2 Benoem persone op die Advieskomitee vir Bybelvertaling by die Bybelgenootskap.

6.1.3.3 Verleen samewerking aan vertalingsimposia en -kongresse van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, asook Universiteite.

6.1.3.4 Die opdrag van die Sinode 2000 word gekontinueer (vgl 5.3.5).

Besluit: Goedgekeur.

F. AANVULLENDE RAPPORT

1. Bybelverspreiding

1.1 Vir die jaar geëindig 31 Oktober 2002 word aanvullend gerapporteer. Die bedrag, wat tot op 31 Oktober 2002 deur die Bybelgenootskap ontvang is, beloop R835 902.16. Dit is 'n gemiddeld van R11.33 per belydende lidmaat.

1.2 Ds. Gerrit Kritzinger, Hoofsekretaris van die Bybelgenootskap, het vriendelik versoek om die Sinode oor die werk van die Bybelgenootskap in te lig. Die Deputate wil sy versoek by u aanbeveel.

Besluit: Kennis geneem.

2. Bybelvertaling

2.1 *Simposium 20-22 Augustus 2001*

2.2.1 Referate, wat by die Simposium 2001 gelewer is, is in November 2002 gepubliseer in 'n Supplementum van Acta Theologica (onder redaksie van JA Naude en CHJ van der Merwe) getiteld: "Contemporary Translation Studies and Bible Translation".

2.2 *Advieskomitee vir Bybelvertaling*

2.2.1 Tydens 'n vergadering van die Advieskomitee, wat op 11 November 2002 te Bybelhuis in Kempton Park gehou is, is die saak rondom 'n nuwe vertaling van die Bybel in Afrikaans verder bespreek. Hierdie vergadering is gehou nadat die Bybelgenootskap vier vertaalgroepe (UP, PU vir CHO, UV en US) aangewys het om geselekteerde gedeeltes uit die Ou en Nuwe Testament volgens verskillende kriteria te vertaal. Prof. GJC Jordaan was die

sameroeper van die Potchefstroom-groep. Tydens die vergadering van 11 November 2002 het die resultate van die vertaalgroepe gedien.

- 2.2.2 Op grond hiervan is besluit om die verdere navorsing in hierdie verband op twee tipes vertalings te laat fokus. Die eerste tipe is relatief sterker brontaal-georiënteerd, sonder dat sinvolheid ter wille van die konkordant-ideaal ingeboet word. Hierdie vertaling moet geskik wees vir gebruik in die erediens en dus meer liturgies-georiënteerd wees. Die tweede tipe vertaling is 'n meer vlotlees-vertaling sonder dat die bedoeling ter wille van die "lekkerlees-ideaal" ingeboet word.
- 2.2.3 Verder is 'n komitee benoem om hierdie twee tipes vertaling verder te definieer en 'n mandaat vir 'n vertaalspan uit te werk. Prof. GJC Jordaan dien uit die geleedere van die GKSA op hierdie komitee. Die bestaande werk wat reeds gedoen is met betrekking tot proefvertalings, sal as basis kan dien vir die verdere werk. Die vertalers, wat deur die komitee aangewys is, sal teen November 2003 (tydens die volgende vergadering van die Advieskomitee) 'n proefvertaling aan die Advieskomitee voorlê.

Besluit: Kennis geneem.

13.2 GRAVAMEN TEEN DIE GOEDKEURING VAN DIE 1983-VERTALING VAN DIE BYBEL (NAV) VIR KERKLIKE GEBRUIK (Art.8)

- A. **Besluit:** Die Gravamen word nie ontvanklik verklaar nie. Sien besluit van Kommissie en Appèlle.

13.3 BESWAARSKRIF VAN DIE GEREFORMEERDE KERK DIE KANDELAAR TEEN BESLUIE VAN DIE NASIONALE SINODE 1991 INSAKE DIE MESSIAANSE VERKONDIGING VAN DIE OU TESTAMENT (Artt.8, 81, 155)

- A. Ds. HLJ Momberg stel die Beswaarskrif
B. **Besluit:** Die Beswaarskrif word verwys na die Kommissie : Bybel en Media.
C. Dr. AJ Krüger rapporteer namens die Kommissie : Bybel en Media.

D. BESWAARSKRIF

Ontvanklikheid

Dit is by die indieners van hierdie Beswaarskrif duidelik dat dit nou as 'n laatgekome stuk op die tafel van die Sinode gaan kom, en dat daarom die meriete oorweeg sal moet word waarom dit tog kan dien. Dit spyt ons dat hierdie omstandighede u moontlik enige ongerief of ekstra werk moet besorg. Ons sou dit self anders wou hê. Ons wil vir u oorweging egter graag die volgende vermeld:

- Aangesien die Sinode 1991 (Acta 1991:526-528, art.22.13) die weg vir Beswaarskrifte teen besluite van die Sinode sodanig aangepas het dat dit ook via die toets- en slypproses van die mindere vergaderings na die nasionale

Sinode gerig kan word, het die indieners van hierdie Beswaarskrif dit goedgevind om juis hierdie weg op te gaan.

- Hierdie Beswaarskrif het dus deur die meule van die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk die Kandelaar (hierna GKK), asook die Klassis Pretoria-Moot, asook die Partikuliere Sinode Pretoria (19 – 20 November 2002) gegaan.
- Die Partikuliere Sinode Pretoria het na 'n beslissing met meerderheid van stemme nie daarvoor kans gesien om die Beswaarskrif in die formaat soos wat dit daar gedien het, vir sy rekening te neem en na die Nasionale Sinode vir behandeling deur te gee nie.
- Uit die besware en die opmerkings wat die Partikuliere Sinode Pretoria geopper het, het ons egter baie tekortkominge aangaande die vormgewing van ons besware ontdek en ons het groot sorg aan die dag gelê om die opmerkings van die Part. Sinode in ons Beswaarskrif te verwerk. Ons is ook ons broeders groot dank verskuldig vir hulle kritiese insette. Ons is veral ook dankbaar vir die goedgegunste adviese wat tydens die Partikuliere Sinode uitgespreek is dat hulle besluit nie beteken dat die saak waaroor dit wesenlik gaan nie goeie meriete het nie, en dat dit ons steeds vry staan om na redaksionele verwerking van die kritiese opmerkings die Beswaarskrif steeds regstreeks by die Nasionale Sinode in te dien.
- Bogenoemde punte is genoem in 'n poging om te verduidelik dat dit nie weens nalatigheid of moedswilligheid is dat hierdie stuk as 'n laatgekome stuk ingedien is nie, maar as 'n regstreekse moontlike gevolg van die besluit wat ons Sinode 1991 geneem het dat Beswaarskrifte ook die pad van toetsing via die mindere vergaderings aan die Sinode gerig kan word.
- Verder pleit ons vir die ontvanklikheid hiervan op grond van die ingrypende saak waaroor die beswaar in sy wese gaan, naamlik dat ons Sinode sorg dra dat ons besluite nie verstaan of gebruik mag word om 'n sentrale openbaringswaarheid van die Ou Testament – dat die Here Jesus Christus daarin aangewys word as ons enigste bekwame Middelaar, soos wat die Nuwe Testament dit aan ons meedeel en wat ons ook in ons belydenis (o.a. HK, So 6) uit die Skrif naspreek, teen te spreek nie.
- Laastens pleit ons vir die ontvanklikheid hiervan omdat die inhoud van hierdie Beswaarskrif in terme van KO, art.46 'n ingrypende invloed kan hê op besluite wat t.a.v. ander stukke op die tafel van die Sinode geneem sal word, byvoorbeeld die wat handel oor die goedkeuring van die Nuwe Beryming van die Psalm bundel.

Dit is ons bede dat bogenoemde verduideliking u gunstige besluit in die hand sal werk om die Beswaarskrif wel as stuk ter tafel te neem.

1. Besluit waarteen beswaar gemaak word

Beswaar word gemaak teen die besluit geneem tydens die sitting van die 44ste Nasionale Sinode 1991 en die daarmee gepaardgaande beredenering op p.107-108 wat uitloop op die besluit: **Die interpretasie van die Deputate word onderskryf.**

(Die besluit word volledig soos volg aangehaal:

“2.1.7.1.1 Die beswaar

Die beswaar ...

2.1.7.1.1.1 Beredenering

2.1.7.1.1.1.1 Uitgangspunte

- * In die eerste plek moet dit duidelik gestel word dat die gebruik van hoofletters in 'n vertaling om daardeur die Messiaanse karakter van 'n Ou-Testamentiese uitspraak aan te dui, altyd 'n saak van interpretasie is. Daar kom in Hebreeus geen hoofletters voor nie en die gebruik van hoofletters impliseer dus altyd 'n keuse van die vertaler. Dit geld sowel die 1933/53- as 1983-vertaling.
- * In die tweede plek moet dit ook gestel word dat die 1983-vertaling in Afrikaans nie in beginsel gekant is teen die Messiaanse vertaling van gedeeltes in die Ou Testament nie, wat dan deur die gebruik van hoofletters aangedui kan word nie. Dit blyk byvoorbeeld duidelik uit Jes 9:1-6, waar duidelik van hoofletters gebruik gemaak word. By die beoordeling van moontlike ontmessianisering in die 1983-vertaling gaan dit dus eerder oor 'n verskil in interpretasie wat 'n spesifieke gedeelte betref as oor 'n beginselverskil dat daar nie Messiaanse gedeeltes in die Ou Testament kan wees nie.
- * Dit impliseer dus dat by elke moontlike geval van ontmessianisering na die interpretasie gekyk sal moet word om die 1983-vertaling te beoordeel.
- * Die Ou-Testamentiese tekste moet vertaal word soos hulle self verstaan wil word. Die Nuwe Testament praat soms oor 'n Ou-Testamentiese teks vanuit die tyd van vervulling en pas dan die teks op Christus toe. 'n Duidelike voorbeeld hiervan is die Immanuelprofesie in Jes 7:14, wat daar op 'n persoon in Jesaja se tyd slaan.
- * Afgesien van die stellings hierbo gegee, moet daarop gewys word dat die gebruik van die kleinletters, soos deur die 1983-vertaling weergegee, nie 'n Messiaanse betekenis van 'n betrokke gedeelte uitsluit nie, maar alleen sê dat dit nie in die eerste plek, of regstreeks, op die Messias slaan nie. Gebruik van die hoofletters sê egter dat dit sonder meer en uitsluitlik op die Messias slaan en is in stryd met die historiese betekenis van die Ou Testament.

Besluit: Die interpretasie van die Deputate word onderskrif."

2. Die "saak" waaroor die beswaar gaan in ons eie woorde saamgevat

Die beswaar handel weliswaar nie oor die gebruik van hoofletters en kleinletters as sodanig nie. Ons is bewus van die feit dat die Rapport wat ons Sinode 1991 goedgekeur het bedoel was om antwoord te gee op besware wat spesifiek oor tegniese sake rakende die vertaalwyse van Ou Testamentiese tekste handel. Ons beswaar handel egter nie oor hierdie tegniese saak soos wat ons Sinode 1991 besluit het as sulks nie, maar oor leerstellige tussenvoegsels wat saam met die tegniese besluit verweef is. Leerstellige tussenvoegsels wat moontlik vir misverstand vatbaar kan wees of aanleiding kan gee dat dit gebruik kan word om 'n dwaalleer te verdedig. Ons beswaar handel oor 'n kern-verkondiging en openbaring van die Heilige Gees in die Ou Testament "aangaande die lyde wat oor Christus sou kom en die heerlijkheid daarna" (1 Pt 1:11) – spesifiek waar dit (moontlik onbedoeld maar tog in die grammatiese betekenis daarvan) in die betrokke Rapport lyk asof dit teengesprek is. Hierdie vorm na ons mening juis ons gemeenskaplike vertrekpunt, wat 'n Beswaarskrif soos hierdie die regte prioriteit verleen. Immers: In die tweede *van die uitgangspunte wat ons onderskrif het, is gestel dat daar nie verskil word (met die beswaardes van 1988 – GKK) oor 'n beginselverskil dat daar Messiaanse gedeeltes in die Ou Testament kan wees nie. Soortgelyk bevestig ons Sinode in die 5e *van die uitgangspunte dat ons in vertaling nie die Messiaanse betekenis van 'n teks wil uitsluit nie. Dit lyk egter vir ons asof daar dan wel 'n verskil bestaan oor die praktiese uitwerking van hierdie beginsel as die beginselstellings vergelyk sou word met sekere ander stelling in die uitgangspunte wat ons onderskrif het. Hierdie

Beswaarskrif wil die Sinode vra om herbesinning van die hele interpretasie wat onderskryf is, op so 'n wyse dat ons ook seker maak dat ons besluit nie gebruik kan word om praktiese uitwerkings te gebruik wat juis in stryd met ons uitgesproke prinsipe is nie.

Ons beswaar kan kortliks soos volg saamgevat word

Ons Sinode 1991 het met die besluit soos hierbo in punt 1 aangehaal, die **interpretasie** van die Studiedeputate onderskryf, wat sodanig begryp en gebruik kan word:

- Dat dit die Messiaanse *verkondiging van Ou Testamentiese tekste sodanig omkeer* asof dit eers later Messiaans sou geword het en nie van die begin af Messiaans bedoel was nie;
- Verder, dat die *Messiaanse karakter* van 'n Ou Testamentiese skrifgedeelte (altyd) *'n saak van interpretasie is*, ook waar dit by vertaling kom, pleks daarvan dat dit as Godgegewe geopenbaarde waarheid geld wat veral in besondere gevalle deur ons aanvaar moet word, en
- laastens – verkeerdelik, ongenuanseerd die oordeel uitspreek, dat wie van hoofletters gebruik maak om die verkondiging van die Messias in die Ou Testament aan te dui, *nie die historiese betekenis van die teks in ag neem nie*, maar dit regstreeks en uitsluitlik op Christus laat slaan.

3. Beswaargronde

3.1 Beswaargrond 1

Ons Sinode 1991 het 'n interpretasie onderskryf wat die Messiaanse openbaring van Ou Testamentiese Skrifgedeeltes sodanig blyk om te keer asof dit eers later Messiaans sou geword het en nie van die begin af Messiaans bedoel was nie.

3.1.1 Motivering

3.1.1.1 Ons het as Sinode onderskryf:

“Afgesien van die stellings hierbo gegee, moet daarop gewys word dat die gebruik van die kleinletters, soos deur die 1983-vertaling weergegee, nie 'n Messiaanse betekenis van 'n betrokke gedeelte uitsluit nie, **maar alleen sê dat dit nie in die eerste plek, of regstreeks, op die Messias slaan nie**” (vetdruk GKK) (verw Acta 1991:107, 2.1.7.1.1.1.1; 5^{de*}).

3.1.1.1.1 Beredenering

* Teenoor bovermelde uitspraak, maak ons nou beswaar dat sodanige standpunt nie duidelike blyke gee dat die getuienis van die Gees van Christus in die daarstelling van die Ou Testament (2 Tim 3:16, 17 en 1 Pet 1:11) verreken is nie, en dat met die inagneming van die inspirasie, getuienis en drywing (2 Pet 1:21) van die Heilige Gees dit juis andersom is as wat ons goedgekeur het. Ons mag nie die primêre Messiaanse verkondiging vanuit dié tekste waardeur die Heilige Gees die Messias regstreeks wil aandui, misken nie.

* Ons het as Sinode 'n interpretasie onderskryf wat die implikasie kan hê dat hierdie getuienis en aanwysing van die Heilige Gees nie oorspronklik ("in die eerste plek") so bedoel was nie maar eers later so ge-her-interpreteer is.

3.1.1.1.2 Die Skrif getuig egter na ons mening anders as wat dit vir ons blyk, ons Sinode 1991 onderskryf het.

3.1.1.1.2.1 Heb 1:1

“Nadat God baie keer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur

die Seun...” (Met hierdie Skrif aanhaling wil ons aantoon dat die een en enige God sy onveranderlike boodskap sowel in die ou bedeling asook in die nuwe bedeling bekend gemaak het, maar sodanig dat dit in en deur die Seun 'n eindbestemming en dus ook 'n voltooiing verkry het. Dit blyk vir ons een Messiaanse verkondiging te wees wat nie eers later Messiaans geword het nie.)

3.1.1.1.2.1.1 2 Tim 3:16,17

“Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees vir elke goeie werk volkome toegerus.” (Met hierdie Skrif aanhaling wil ons aantoon dat ons die hele Skrif as asem van God moet verreken as sou dit die voorskrif van God self wees hoedat ons enkele skrifgedeeltes behoort uit te lê of verstaan. Indien die res van die Skrif dus aantoon dat 'n spesifieke skrifgedeelte wel die Messias verkondig, mag ons dit nie buite rekening laat by verklaring of vertaling nie. In sulke gevalle sal die res van die Skrif dus aanwys watter betekenis die Heilige Gees as Outeur daarvan, binne daardie tekste ingesluit het.)

3.1.1.1.2.1.2 1 Pet 1:20

“... terwyl julle veral dit moet weet, dat geen profesie van die Skrif 'n saak van eie uitlegging is nie; want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek.” (Met hierdie Skrif aanhaling wil ons aantoon dat ons daartoe verbonde is om die gedreweheid van die Heilige Gees by die totstandkoming van spesifieke skrifgedeeltes in ag te neem, veral as dit uit die res van die Gees-gedrewe Skrif aangetoon is dat sekere Ou Testamentiese skrifgedeeltes die Messias verkondig.)

3.1.1.1.2.2 Ons Belydenisskrifte getuig na ons mening ook anders as wat dit vir ons blyk, ons Sinode 1991 besluit het.

3.1.1.1.2.2.1 Ons bely in die Heidelbergse Kategismus Sondag 6:

Vraag 18: Wie is hierdie Middelaar wat terselfdertyd ware God (#1 Joh 5:20; Rom 9:5; 8:3; Gal 4:4; Jes 9:6; Jer 23:6; Mal 3:1) en ware (#Luk 1:42; 2:6,7; Rom 1:3; 9:5; Fil 2:7; Heb 2:14,16,17; 4:15) regverdigde mens is (#Jes 53:9,11; Jer 23:5; Luk 1:35; Joh 8:46; Heb 4:15; 7:26; 1 Pet 1:19; 2:22; 3:18)?

Antwoord: Ons Here Jesus Christus (#1 Tim 2:5; Matt 1:23; 1 Tim 3:16; Luk 2:11; Heb 2:9), wat God vir ons tot wysheid, geregtigheid, heiligmaking en volkome verlossing gegee het (#1 Kor 1:30).

Vraag 19: Waaruit weet jy dit?

Antwoord: Uit die heilige evangelie, wat God self aanvanklik in die paradys bekend gemaak het (#Gen 3:15). Daarna het Hy dit deur die heilige aartsvaders (#Gen 22:18; 12:3; 49:10) en profete (#Jes 53:1-12; 42:1-4; 43:25; 49:5,6,22,23; Jer 23:5,6; 31:32,33; 32:39-41; Mig 7:18-20;) (#Hand 10:43; 3:22-24; Rom 1:2; Heb 1:1) laat verkondig en deur die offers en ander seremonies van die wet laat uitbeeld (#Heb 10:1,7; Kol 2:7; Joh 5:46). Eindelik het Hy dit deur sy eniggebore Seun vervul (#Rom 10:4; Gal 4:4; 3:24; Kol 2:17).

(Met hierdie aanhaling uit ons Belydenis wil ons aantoon dat dit nog altyd ons Gereformeerde verstaan van die Ou Testament was dat dit onder meer as 'n sentrale openbaringslyn, die Messias verkondig het, en dat ons in ons verklaring of vertaling van die Ou Testament nie hierdie

ontdekking en belydenis mag negeer nie, veral nie waar spesifieke Skrifgedeeltes in die res van die Bybel aangehaal word of aangewys word as dat dit die Messias verkondig nie).

3.1.1.2 Ons het as Sinode onderskryf

“Die Nuwe Testament praat soms oor ’n Ou Testamentiese teks vanuit die tyd van vervulling en **pas dan die teks op Christus toe.**” (vetdruk GKK) (verw Acta 1991:107, 2.1.7.1.1.1.1; 4^{de*}).

3.1.1.2.1 Beredenering

* Dit is vir ons reeds die aanvaarde waarheid, soos by die beredenering in die onderskeie punte onder 3.1.1.1.1 hierbo aangetoon, dat dit God die Heilige Gees is wat praat as die Outeur van die Ou en Nuwe Testament, en dat Hy menslike instrumente vir die vaslegging van die Woord gebruik het. Dit is uit die aangehaalde skrifgedeeltes asook uit ons belydenis aangetoon dat dit die Heilige Gees self is wat vir ons aangetoon het watter Messiaanse betekenis Hyself in die Ou Testamentiese tekste verpak het. So gesien is dit gewoon nie korrek om te stel dat wanneer die NT oor ’n OT teks vanuit die vervulling praat, dit **dán** (éérs?) op Christus toegepas word nie.

* Al die NT skrifgedeeltes (sien 3.1.1.2.2 infra) maak daarop aanspraak dat Moses en Dawid en Jesaja deur die Gees van die Christus wat in hulle was, van Hom getuig het. Die Vader het byvoorbeeld aan sy Seun gesê: “U is my Seun, vandag het Ek U gegenerer...” Hy sê dit tog nie eers toe die Hebreërbriëfskrywer dit vanuit die vervulling ontdek het en op Christus toegepas het nie, (Heb 1:5), maar reeds toe dit deur die Psalmidger (Ps 2:7) vasgelê is, ja ons sou selfs kon sê nog voordat die Psalmidger van Psalm 2 dit gesê of geskryf het, omdat die werkwoord van hierdie spreke in Ps 2:7 in die verlede tydsvorm staan. Die Messiaanse karakter het nie eers na die vervulling as ’n toepassing van die Ou Testament op Christus by die Ou Testament bygekom nie, maar was, na ons verstaan hiervan, van die begin af, die verkondiging aangaande Hom.

3.1.1.2.2 Skrifberoep

3.1.1.2.2.1 2 Pet 1:20

“... terwyl julle veral die moet weet, dat geen profesie van die Skrif ’n saak van eie uitlegging is nie; want geen profesie is ooit deur die wil van ’n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek.”

3.1.1.2.2.2 Hand 2:25 en 30-31

“Want Dawid sê van Hom:...”

“Omdat hy dan ’n profeet was...”

“...het hy, omdat hy dit vooruit gesien het, gespreek van die opstanding van Christus...”

3.1.1.2.2.3 Matt 22:43

“En Hy sê vir hulle: Hoe is dit dan dat Dawid Hom in die Gees Here noem as hy sê: Die Here het tot my Here gespreek...”

Wanneer Jesus verklaar dat Dawid van Hom geprofeteer het (Matt 22:43) is dit omdat Hy eerder as Dawid was (Jes 11:10, Rom 15:12).

3.1.1.2.2.4 Luk 24:27

"En Hy het begin van Moses en al die profete af en vir hulle uitgelê in al die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het."

So ook in Joh 5:39 en in Luk 24:44 maak Jesus daarop aanspraak dat die Skrifte van die Ou Testament van Hom getuig en dat daar oor Hom geskrywe is, omdat dit dinge beskrywe het wat op Hom betrekking het.. Daarmee verstaan ons dat al het die “menslike” skrywers dalk nie Jesus gesien of geken nie, die Heilige Gees as eintlike Outeur, nogtans Christus self geken, vooruit gesien en bedoel het, en van sy heilswerk getuig het.

3.1.1.2.2.5 Hand 8:30,34,35

“... en hom die profeet Jesaja hoor lees; en hy sê: Verstaan u wel wat u lees?”

“En die hofdienaar antwoord en sê vir Filippus: Ek bid u, van wie sê die profeet dit, van homself of van iemand anders?”

“En Filippus het sy mond geopen en van hierdie Skrif af begin en die evangelie van Jesus aan hom verkondig.”

Dis besonder treffend dat die evangelie van Jesus uit hierdie Ou Testamentiese Skrifgedeelte verkondig kon word. Die evangelie van Jesus (Let op sy 'eienaam') was dus reeds daarin verpak sodat dit daaruit verkondig kon word!

3.1.1.3 Ons het as Sinode onderskryf

“'n Duidelike voorbeeld hiervan is die Immanuelprofesie in Jes 7:14, wat daar op 'n persoon in Jesaja se tyd slaan.” (Acta 1991:107, 2.1.7.1.1.1.1; 4 ^{de*}).

3.1.1.3.1 Beredenering

Hierdie is na ons mening juis nie 'n voorbeeld van ons sinodale interpretasie nie, maar veel sterker 'n voorbeeld van Petrus se verkondiging in 1 Pet 1:10–11. Ons erken en besef dat die natuurlike ontstaansprosesse van die profesie nie misken mag word nie, maar ons mag nog minder die **volle** openbaring daarvan, wat deur die Gees self daarmee bedoel is, en dit kontroleerbaar in die res van die Skrif aangekondig het, misken nie. Die Profete het dalk Messiaans geprofeteer oor persone van hulle eie tyd, maar hulle het so gedoen omdat die Heilige Gees hulle sodoende (met of sonder hulle eie begrip daarvan) die Messias in en deur die historiese proses en kontekste laat sien het soos Petrus dit aan ons vermeld in 1 Pet 1:10. Trouens in Matt 1:23 word dit presies bevestig soos wat Petrus dit in 1 Pet 1:10 en 11 aantoon: Die uitspraak van die profeet in sy situasie in die Ou Testament was eintlik 'n uitspraak wat "die Here deur die profeet gespreek het" aangaande die wonderbare menslike geboorte van die Messias.

3.1.2 Gevolgtrekking

Teenoor ons interpretasie as Sinode “dat die betrokke gedeelte(s) nie in die eerste plek of regstreeks op die Messias slaan nie,” verstaan die beswaardes op grond van die getuigenis van die res van die Skrif (onder meer soos dit hier aangehaal is) en ons belydenis (vgl HK, So 6) dat die betrokke gedeelte(s) inderdaad in die eerste plek of regstreeks op die Messias slaan, selfs al het die menslike boodskappers van die Godsopenbaring (asook die ontvangers daarvan) dit moontlik aanvanklik self nie so ingesien nie en selfs al was die verkondiging daarvan nog in skadus en tekens gehul. Ons bely dus dat die historiese ontstaansgeskiedenis van die Ou Testamentiese geskifte as resultaat van die oorspronklike en eintlike Messiaanse verkondiging

plaasgevind het, en nie dat die Messiaanse verkondiging eers maar deur toepassing of aktualisering van die Ou Testamentiese tekste in later jare 'n werklikheid geword het nie.

3.2 *Beswaargrond 2*

As Sinode het ons 'n interpretasie onderskryf dat die messianisiteit van sekere Ou Testamentiese skrifgedeeltes 'altyd' 'n saak van interpretasie is. Dit is in stryd met ons Belydenis dat die Messiaanse verkondiging van die Ou Testament geïnspireerde verkondiging van die Heilige Gees is, wat ons eerbiedig moet aanvaar, veral wanneer die res van die Bybel sekere tekste as sodanig aanwys .

3.2.1 Motivering

3.2.1.1 Ons het as Sinode onderskryf

“In die eerste plek moet dit duidelik gestel word dat die gebruik van hoofletters in 'n vertaling om daardeur die Messiaanse karakter van 'n Ou-Testamentiese uitspraak aan te dui, **altyd 'n saak van interpretasie is.**” (Vetdruk GKK) (verw Acta 1991:107, 2.1.7.1.1.1.1; 1^{ste*}).

3.2.1.1.1 Beredenering

3.2.1.1.1.1 Christus sê aan sy dissipels dat die dinge wat sy dissipels van Hom beleef het, die dinge wat Hy tot hulle gespreek het, dat dit die dinge is wat alles oor Hom geskrywe is in die Wet van Moses en die profete en die Psalms, wat vervul moes word. (Luk 24:44 “En Hy sê vir hulle: Dit is die woorde wat Ek met julle gespreek het toe Ek nog by julle was, dat alles wat oor My geskrywe is in die wet van Moses en die profete en die psalms vervul moet word.”) Dit is dus nie dinge wat eers Messiaans geïnterpreteer moes word en op Hom toegepas moes word nie, maar dit is dinge “**wat oor Hom geskrywe is**” en wat in sy lewe op aarde “**vervul moes word.**”

3.2.1.1.1.2 In Luk 24:46 word die boodskap by wyse van herhaling/beklemtoning nogeens gestel: “**So** is dit geskrywe en **So** moes die Christus ly en op die derde dag uit die dode opstaan.” Dit is nie: So is dit geskrywe, en dus moet dit eers geïnterpreteer word, en nadat die interpretasie plaasgevind het, pas Ek dit so toe om te sê: so moes die Christus ly.... nie. Nee, dis nie 'n saak van interpretasie nie maar van die begin af **SO** bedoel om van Christus te getuig.

3.2.1.1.1.3 Ons weet dat ons as eksegete en lesers van die Bybel altyd in 'n proses van interpretasie gewikkel is. En dit nie alleen betreffende die Messiaanse verkondiging nie, maar wat alle aspekte van die verstaan van die tekste aangaan. Maar ons weet ook dat wanneer ons die beginsel aanvaar dat die Heilige Skrif sy eie uitlegger is, en ons lees op ander plekke in die Bybel dat sekere Ou Testamentiese tekste aangehaal word as dat dit die Messias verkondig, dan het die Heilige Gees deur die res van die Skrif reeds sodanige interpretasie vir ons gegee, sodat by die spesifieke tekste die Messiaanse verkondiging veel meer 'n saak van gehoorsame aanvaarding is as van interpretasie. Dit beteken hoegenaamd nie dat ons die natuurlike ontstaansgeskiedenis en die historiese konteks waarbinne die Gees opgetree het om daardie woorde te laat uitspreek en opteken moet ignoreer nie, inteendeel, dit is juis deel van die wonder van die inspirasie. Maar ons mag nog veel minder die volle openbaring van die res van die Skrif ignoreer by die verstaan van sekere tekste, want die ingewing van die res van die Skrif is ook deel van die wonder van die inspirasie.

3.2.1.1.1.4 Ons kan dus nie stel dat “die gebruik van hoofletters in 'n vertaling om daardeur die Messiaanse karakter van 'n Ou-Testamentiese uitspraak aan te dui, **altyd 'n saak van interpretasie** is” nie, aangesien dit by nadere ondersoek vir ons duidelik geword het dat die vertalers van die 33/53 vertaling hoofletters gebruik het alleenlik by sekere tekste omdat die Nuwe Testament daardie tekste pertinent Messiaans aangewys het. Dan is dit nie altyd 'n saak van “interpretasie” nie, maar eerder van **erkenning** en **aanvaarding**.

3.2.1.2 Ons het as Sinode onderskryf

“Daar kom in Hebreeus geen hoofletters voor nie en die gebruik van hoofletters impliseer dus **altyd 'n keuse van die vertaler**. Dit geld sowel die 1933/53- as 1983-vertaling. (Vetdruk GKK) (verw Acta 1991:107, 2.1.7.1.1.1.1; 1^{ste*}).

3.2.1.2.1 Beredenering

3.2.1.2.1.1 Ons het nog altyd aanvaar dat die taalreëls van die brontaal, asook die taalreëls van die ontvangertaal op die gegewe tyd van vertaling beskou behoort te word as die geldige meetbare standaard waarvolgens hoofletters en kleinletters in die ontvangertaal gebruik word.

3.2.1.2.1.2 Dit mag dus wel waar wees dat die Hebreeus nie hoofletters gebruik nie, maar in Afrikaans en baie ander Europese tale word wel hoofletters gebruik. In die vertaalproses is die vertaler dus nie "altyd" op sy "keuse" aangewese nie, maar ook op die taalreëls van die ontvangertaal op daardie gegewe tyd. Dan moet die vertaler goed hoor wanneer die Hebreeus vir die Afrikaans hoofletters **aanwys**. Die Hebreeus **wys** vir die Afrikaans hoofletters **aan**, ten minste by die begin van elke sin en by eiename. Dan speel die konteks en gepaardgaande betekenis daarvan ook 'n belangrike rol by die gebruik van hoofletters in Afrikaans. In Nederlands word dag- en maandname ook met kleinletters geskryf, maar in Afrikaans met hoofletters. By Duits selfs alle selfstandige naamwoorde met hoofletters. Dit is dus nie gewoon "altyd" “interpretasie/keuse” van die vertaler nie, maar ook **aanwysing** deur die bronteks en die taalreëls van die ontvangertaal. Selfs al sou die sintaksis en konteks van die bronteks by vertaling tot 'n erkende Afrikaanse sintaksis ombou moet word, dan gee steeds die bronteks die aanwysings hoe om dit te doen.

3.2.1.2.1.3 Dit is ook so dat dit in Afrikaans gebruiklik is om woorde wat sekere gerespekteerde of gehate persone aanwys, met 'n hoofletter te skryf. En waar dit uit die res van die Skrif tot ons kennis kom dat 'n spesifieke Ou Testamentiese teks met die aanwysing van iemand wat 'n sekere Messiaanse taak verrig besig is, dit juis deur die Gees bedoel was om daarmee die Here Christus aan te wys, dit nie ongewoon of ongehoord is om in erkentlikheid sodanige aanwysing met 'n hoofletter te skryf nie. Trouens, die Deputaterapport van Sinode 1991 het self by wyse van uitsondering die toepassing van hierdie reël uitgewys by die tweede * van sy uitgangspunte met die woorde: "Dit blyk byvoorbeeld duidelik uit Jes 9:1-6, (in die NAV – GKK) waar duidelik van hoofletters gebruik gemaak word."

3.2.1.3 Ons het as Sinode onderskryf

“By die beoordeling van moontlike ontmessianisering in die 1983-vertaling gaan dit dus eerder oor 'n **verskil in interpretasie** wat 'n spesifieke gedeelte betref as oor 'n beginselverskil dat daar nie Messiaanse gedeeltes in die Ou Testament kan wees nie. “

“Dit impliseer dus dat by elke moontlike geval van ontmessianisering **na die interpretasie** gekyk sal moet word om die 1983-vertaling te beoordeel.” (Vetdruk GKK) (verw Acta 1991:107, 2.1.7.1.1.1.1; 2^{de} en 3^{de*}).

3.2.1.3.1 Beredenering

3.2.1.3.1.1 Hier gaan dit nie net oor die gebruik van hoofletters en kleinletters om die Messiaanse karakter van 'n Ou Testamentiese teks aan te dui nie, maar as die sinne verstaan word soos wat dit daar staan, gaan dit nou ook oor die Messiaanse karakter van sodanige tekste as sulks!

3.2.1.3.1.2 Ons lees met dankbare instemming die erkentlikheid dat daar by ons nie in wese 'n beginselverskil is dat daar nie Messiaanse gedeeltes in die Ou Testament kan wees nie. Hierdie aanvaarding gee aan ons juis die troos en ook die vertroue dat die beginsel gesamentlik ook na die praktyk toe deurgetrek kan word. Want dit is wat die betrokke sin moontlik impliseer: Dat ons nie oor die beginsel verskil nie maar wel blykbaar oor die manier waarop die beginsel tot praktyk gemaak word.

3.2.1.3.1.3 En dan is dit nie in alle gevalle korrek om te sê dat daar na die interpretasie gekyk moet word nie, want, eerstens: **die Messiaanse karakter van die Ou Testament word reeds as 'n Skriftuurlike gegewe in die algemeen aanvaar, soos blyk uit:**

2 Petrus 1:19-21:

“En ons het die profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos op 'n lamp wat in 'n donker plek skyn, totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan in julle harte; (20) terwyl julle veral dit moet weet, dat geen profesie van die Skrif 'n saak van eie uitlegging is nie; (21) want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek.”

Luk 24: 44

“En Hy sê vir hulle: Dit is die woorde wat Ek met julle gespreek het toe Ek nog by julle was, dat alles **wat oor My geskrywe is** in die wet van Moses en die profete en die psalms, vervul moet word. (45) Toe open Hy hulle verstand om die Skrifte te verstaan. (46) En Hy sê vir hulle: So is dit geskrywe, en so moes die Christus ly en op die derde dag uit die dode opstaan, (47) en bekering en vergewing van sondes in sy Naam verkondig word aan al die nasies, van Jerusalem af en verder.” (Beklemtoning GKK)

Ps 110:1 word in verskeie Nutestamentiese plekke aangehaal:

“Die HERE het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand, totdat Ek u vyande maak 'n voetbank vir u voete.”

soos aangehaal in Matt 22:43-45

“Hy sê vir hulle: Hoe is dit dan dat Dawid Hom in die Gees Here noem as hy sê: Die Here het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand totdat Ek u vyande gemaak het 'n voetbank van u voete? As Dawid Hom dan Here noem, hoe is Hy sy seun?”

en soos ook aangehaal in Matt 22:43-45 en Hand 2:34-36

“Want Dawid het nie in die hemele opgevaar nie, maar hy self sê: Die Here het gespreek tot my Here: Sit aan my regterhand totdat Ek u vyande gemaak het ‘n voetbank van u voete. Laat dan die hele huis van Israel sekerlik weet dat God Hom Here en Christus gemaak het, hierdie Jesus wat julle gekruisig het.”

HK So 6:

Antwoord 19: Ons weet dat ons ware Messias die Here Jesus is:.....

Uit die heilige evangelie, wat God self aanvanklik in die paradys **bekend gemaak** het (#Gen 3:15). Daarna het Hy dit deur die heilige aartsvaders (#Gen 22:18; 12:3; 49:10) en profete (#Jes 53:1-12; 42:1-4; 43:25; 49:5,6,22,23; Jer 23:5,6; 31:32,33; 32:39-41; Mig 7:18-20;) (#Hand 10:43; 3:22-24; Rom 1:2; Heb 1:1) **laat verkondig** en deur die offers en ander seremonies van die wet **laat uitbeeld** (#Heb 10:1,7; Kol 2:7; Joh 5:46). Eindelik het Hy dit deur sy eniggebore Seun **vervul** (#Rom 10:4; Gal 4:4; 3:24; Kol 2:17). (beklemtonings GKK).

- 3.2.1.3.1.4 En tweedens: veral by sekere besondere Ou Testamentiese tekste wat vanuit die Nuwe Testament (met aanhaling van dié tekste), aangewys is dat hulle op die Messias slaan, hoef daar nie (weer opnuut) na die interpretasie gekyk te word nie. Immers, die Heilige Gees (as die Groot Kontroleur), het reeds daarna gekyk, en Hy getuig op verskillende plekke in die Skrif eksplisiet waar sekere Ou Testamentiese tekste die Messias verkondig.
- 3.2.1.3.1.5 Daarmee word geensins bedoel dat daar nie met die besondere historiese gegewens waarbinne die besondere tekste ontstaan het, rekening gehou behoort te word nie. Inteendeel! Maar daarmee word wel bedoel dat dit nie genoegsaam is om na 'n blote teks binne sy natuurlike ontstaansgeskiedenis te kyk en daarby te volstaan, as intussen die Heilige Gees ook uit ander Skrifgedeeltes vir ons 'n bril gegee het waardeur ons na sodanige tekste moet kyk nie.
- 3.2.1.3.1.6 Waarna dus wel gekyk moet word, is of in die res van die Bybel die sodanige tekste (hulle natuurlike ontstaanswyse inbegrepe) pertinent op Christus laat wys al dan nie. En dan is dit in hierdie gevalle nie soseer die (menslike) interpretasie daarvan wat die deurslag gee nie, maar die gehoorsame onderwerping aan die aanwysing van die res van die Skrif.

3.2.2 Gevolgtrekking

Teenoor die standpunt wat ons Sinode 1991 goedgekeur het dat die Messiaanse karakter van 'n Ou Testamentiese uitspraak altyd 'n saak van interpretasie is, kan gestel word dat dit dikwels ook 'n saak van gegewe openbaring (van God) en aanvaarding (deur ons) is as ons die hele res van die Skrif in ag neem.

Verder sou aanvaar kan word dat die konteks waarbinne die Sinodebesluit geneem is, nooit bedoel was om die sodanige leerstellige interpretasies aangaande die Messiaanse verkondiging van die Ou Testament te maak nie en ook nie dat dit vir leerstellige doeleindes gebruik mag word nie, maar dat dit gewoon sy optrede by die gebruik van hoofletters en kleinletters in die vertaling van die Ou Testament verduidelik. Die probleem is egter dat die grammatikale betekenis van die sinsnede daar tog aanleiding kan gee vir verkeerde interpretasies. In dié geval sou dit dan aangewese kon wees om die bestaande Sinodebesluit uit te brei met 'n verduidelikende nota.

3.3 Beswaargrond 3

Derdens word beswaar gemaak dat ons Sinode 1991 in stryd met ons bestaande besluite oor die 33/53 Vertaling ongenueansêr die oordeel aanvaar het dat vertalings wat die Messiaanse verkondigings van die Ou Testament met hoofletters sou vertaal, dit ongeldiglik sou gedoen het omdat hulle nie met die historiese betekenis van die teks rekening sou gehou het nie.

3.3.1 Beredenering

3.3.1.1 Ons het as Sinode gesê

“Die Ou-Testamentiese tekste moet vertaal word soos hulle self verstaan wil word.” (Acta 1991:107, 2.1.7.1.1.1.1; 4^{de*}).

3.3.1.1.1 Beredenering

Met hierdie uitspraak kan van harte akkoord gegaan word. Trouens, dit is juis die inagneming van hierdie verstaansbeginsel wat ons tot 'n ander gevolgtrekking oor die Messiaanse verkondiging van die Ou Testamentiese tekste bring as waartoe ons Sinode 1991 gekom het.

Ons wys op Luk 11:52

“Wee julle, wetgeleerdes, want julle het die sleutel van die kennis weggeneem; self het julle nie ingegaan nie en vir die wat wou ingaan het julle verhinder.”

En Matt 23:13

“Maar wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle sluit die koninkryk van die hemele toe voor die mense; want julle gaan self nie in nie, en die wat sou ingaan laat julle nie toe om in te gaan nie.”

Met hierdie woorde het Christus die Skrifgeleerdes en Fariseërs verkwalik dat hulle **nie** met hulle eksegeese van die Ou Testament by Christus uitgekom het nie. Dit dui daarop dat dit juis is hoe Christus wil hê dat die “tekste self verstaan wil word,” naamlik dat hulle van Hom getuig (vgl Joh 5:39–47).

3.1.1.1.2 Die uitgangspunt dat 'n teks vertaal moet word soos dit self verstaan wil word is vir ons gevoel in die besondere sin korrek as ons daaronder sou verstaan: ‘Soos wat die Heilige Gees wil hê dat dit verstaan moet word met inagneming van die volle (Bybels)-historiese betekenis daarvan’.

3.3.1.2 Ons het as Sinode onderskryf

“Gebruik van die hoofletters sê egter dat dit sonder meer en uitsluitlik op die Messias slaan en **is in stryd met die historiese betekenis van die Ou Testament.**” (Vetdruk GKK) (verw Acta 1991:107-108, 2.1.7.1.1.1.1; 5^{de*}).

3.3.1.2.1 Beredenering

3.3.1.2.1.1 In Heb 1:5 verkondig die Hebreërbriëfskrywer dat God die Vader, eens gesê het: “U is my Seun, vandag het Ek U gegeneer.” As die aanspraak van die Vader ten aansien van Christus dus tereg 'n saak is wat eers in sy “historiese betekenis” opgevat moet word, dan moes ons vasstel: histories-wanneer het die Vader so vir sy Seun gesê? Sou dit wees voordat die kroningslied van Psalm 2 geskryf is, of eers veel later? Die Hebreërbriëfskrywer verkondig volgens ons verstaan egter Psalm 2:7 binne die bedoeling wat die Heilige Gees daarmee gehad het, en dan word tog die **volle** historiese betekenis (sowel voor asook na die ontstaansgeskiedenis van die Psalm) in berekening gebring.

3.3.1.2.1.2 Die term “Historiese betekenis” het ook deesdae verskillende betekenisse. Daar is ook 'n wetenskaplike rigting wat die goeie betekenis hiervan soos dit uit die grammaties-historiese verklaring kom, opnuut

definieer en kaap vir die histories-kritiese verklaring. Ons sinodale besluit baken egter nie die betekenis van sy woorde af nie, en kan daarmee ruimte toelaat vir die verkeerde gebruik van sy besluit. Want waar die Grammaties-historiese verklaring van die historiese betekenis gebruik maak om die Messiasverkondiging te erken, gaan die histories-kritiese verklaring van historiese betekenis gebruik maak om die Messiasverkondiging te ontken.

- 3.3.1.2.1.3 Ons uitspraak as Sinode is op 'n manier ook prakties toepasbaar op die 33/53 vertaling, in die sin dat in die 33/53 vertaling juis by sekere Messiaanse tekste van die Ou Testament met hoofletters vertaal is.
- 3.3.1.2.1.4 Hierdie uitspraak lyk vir ons dus kras en ongenueanseerd, veral wanneer in ag geneem word dat ons Sinode in dieselfde rapport en andere, groot sorg gedra het om te bevestig dat die 33/53 Vertaling steeds as 'n goeie en waardige vertaling gebruik behoort te word.
- 3.3.1.2.1.5 In hierdie ongekwalifiseerde formaat waarin ons besluit staan, lyk dus in stryd met ons besluit tot aanvaarding van die 33/53 vertaling asook 'n indirekte oordeel oor die 33/53 vertaling te wees.
- 3.3.1.2.1.6 Die uitspraak soos dit daar staan gee nie blyke van die moontlikheid dat daar ook ander korrekte redes kan wees waarom vertalers by die Messiaanse verkondigings van hoofletters gebruik maak nie.

3.3.2 Gevolgtrekking

Teenoor ons interpretasie as Sinode wat stel dat die gebruik van hoofletters (om die Messiaanse karakter van sekere Ou Testamentiese Skrifgedeeltes aan te toon) wil sê dat dit “sonder meer en regstreeks op die Messias slaan”, kan ook gestel word dat dit nie noodwendig waar is nie.

Die gebruik van hoofletters kan ook die bedoeling hê dat bo en behalwe die historiese betekenis, die Heilige Gees dit aan ons kontroleerbaar duidelik gemaak het (uit die res van die Skrif) en dat ons gewillige erkenning daaraan gee dat sodanige tekste besonderlik op die Messias slaan.

4. Samevattende gevolgtrekking

- 4.1 Teenoor die moontlike betekenis van ons sinodale interpretasie dat die besondere ter sake Skrifgedeeltes nie in die eerste plek of regstreeks op die Messias slaan nie, wil ons eerder voorstel: Die hele Skrif leer - en ons bely dat die Messiaanse verkondiging van die begin af in die Ou Testament deur die Gees as Messiaans bedoel was.
- 4.2 Teenoor die moontlike verstaan van ons sinodale interpretasie dat die Messiaanse karakter van sekere tekste van die Ou Testament altyd 'n saak van interpretasie is, wil ons eerder voorstel: Die Skrif leer – en ons bely dat die Messiaanse karakter van die Ou Testament en veral by spesifieke aangewese tekste nie 'n saak van interpretasie is nie, maar van gehoorsame aanvaarding, veral wanneer sulke tekste op ander plekke in die Bybel as Messiaans aangewys word.
- 4.3 Teenoor die moontlike verstaan van ons sinodale interpretasie dat waar Bybelvertalings van hoofletters gebruik maak om die Messiaanse verkondiging daarvan aan te dui, dit ongeldig sou doen omdat dan nie die historiese betekenis van die teks in ag geneem sou word nie, wil ons eerder voorstel: Die gebruik van hoofletters in vertalings om die Messiaanse karakter van 'n teks

aan te dui, kan ook sê dat die Heilige Gees (uit ander geïnspireerde Skrifgedeeltes) dit kontroleerbaar duidelik gemaak het dat sodanige tekste besonderlik op die Messias slaan.

Of dan in tabelvorm gestel:

<p>4.1 Teenoor die moontlike betekenis van ons sinodale interpretasie dat die besondere ter sake skrifgedeeltes nie in die eerste plek of regstreeks op die Messias slaan nie,</p>	<p>wil ons eerder voorstel: Die hele Skrif leer - en ons bely dat die Messiaanse verkondiging van die begin af in die Ou Testament deur die Gees as Messiaans bedoel was.</p>
<p>4.2 Teenoor die moontlike verstaan van ons sinodale interpretasie dat die Messiaanse karakter van sekere tekste van die Ou Testament altyd 'n saak van interpretasie is,</p>	<p>wil ons eerder voorstel: Die Skrif leer - en ons bely dat die Messiaanse karakter van die Ou Testament en veral by spesifieke aangewese tekste nie 'n saak van interpretasie is nie, maar van gehoorsame aanvaarding, veral wanneer sulke tekste op ander plekke in die Bybel as Messiaans aangewys word.</p>
<p>4.3 Teenoor die moontlike verstaan van ons sinodale interpretasie dat waar Bybelvertalings van hoofletters gebruik maak om die Messiaanse verkondiging daarvan aan te dui, dit ongeldig sou doen omdat dan nie die historiese betekenis van die teks in ag geneem sou word nie,</p>	<p>wil ons eerder voorstel: Die gebruik van hoofletters in vertalings om die Messiaanse karakter van 'n teks aan te dui, kan ook sê dat die Heilige Gees dit elders in die Bybel kontroleerbaar duidelik gemaak het dat sodanige tekste besonderlik op die Messias slaan.</p>

5. Aanbeveling

- 5.1. Dat ons hierdie interpretasie van die Deputate soos vervat is in Acta 1991:107-108, in die lig van bovermelde argumente, heroorweeg.
- 5.2. Dat ons nie ander Agendastukke wat met die beredenering in hierdie Beswaarskrif in verband staan (onder meer die Deputaterapport betreffende die keuring van die nuwe Psalmberyming), sal beoordeel voordat hierdie Beswaarskrif beantwoord is nie.

E. KOMMISSIERAPPORT

1. Sake om van kennis te neem

- 1.1 Die Kommissie het aan die betrokke Kerkraad geleentheid gegee vir toeligting insake die Beswaarskrif.
- 1.2 Die Kommissie het ook insette van prof. Eric Peels van die CGK ontvang. Ons dank vir die insette van proff. GJC Jordaan en HF van Rooy (adviseurs) wat ons van groot hulp was met die beoordeling van die beswaar.
- 1.3 Almal wat die Kommissie wou sien is daartoe uitgenooi.
- 1.4 Die Kommissie beskou die paragraaf "Ontvanklikheid" nie as deel van die beswaar nie.
- 1.5 Die volgende agtergrond is nodig by die verstaan van die beswaar:
 - 1.5.1 Die Deputate vir Bybelvertaling- en verspreiding het in 1988 opdrag gekry (o.a.) om voortdurend aandag te gee aan "gevalle van moontlike/beweerde

ontmessianisering van die Ou Testament” (1991:104, 1.6). In 1991 rapporteer hulle hieroor, ook a.g.v. navrae wat tot die Deputate in hierdie verband gerig is. Die beswaar van die beswaardes gaan teen elemente van hierdie Rapport van die Deputate, wat deur die Sinode 1991 sy eie gemaak is (“Die interpretasie van die Deputate word onderskryf” (1991:108, Besluit).

Besluit: Kennis geneem.

1.5.2 Dit moet duidelik verstaan word dat hierdie beswaar handel oor die moontlikheid van *leerstellige dwaling*, terwyl die besluit waarteen beswaar aangeteken word voortspruit uit besware en vrae oor die *vertalingsmetode* van die 1983-vertaling. Hierdie twee verskillende vlakke wat ter sprake is maak die beoordeling van die beswaar moeiliker.

Besluit: Kennis geneem.

1.5.3 Die beoordeling van hierdie Beswaarskrif is verder bemoeilik deurdat die beswaardes self daarop wys dat dit gaan oor ‘n moontlike leerstellige probleem wat kan ontstaan. Die bedoeling van die beswaardes is dus nie om aan te toon dat die besluit van Sinode 1991 inderdaad aanleiding gee tot leerstellige dwaling nie. Dit is sekere interpretasies wat moontlik aan die besluit geheg kan word wat die probleem is.

Besluit: Kennis geneem.

1.5.4 Daar behoort ook op gelet te word dat die beswaardes vra (vgl 5.1) vir ‘n heroorweging van die interpretasie van die Sinode 1991, maar dat hulle self geen voorstel in hierdie verband maak nie.

Besluit: Kennis geneem.

1.5.5 Daar behoort verder daarop gelet te word dat die GKSA ten volle die Ou Testament aanvaar as volledig Woord van God, geïnspireer deur die Heilige Gees. In die Ou Testament word die komende Messias beloof, in ‘n duidelike openbaringshistoriese lyn wat deur die eeue heen al helderder deurbreek, met sommige Ou Testamentiese tekste wat die openbaring oor die komende Messias tot ‘n nuwe hoogte voer (bv Jes 9). Die bekende beeld, van ‘n roosknop wat uiteindelik in al sy glorie oopgaan in die ontvoude roos, is vir ons ‘n treffende vergelyking van ons verstaan van die verhouding tussen Ou en Nuwe Testament. Mens kan dus sê: die Ou Testament wys heen na Jesus, en vind ook sy volle vervulling in Jesus Christus. In Sinode 1991 se besluit oor vertaalbeleid, word gestel dat die Ou Testament waardig hanteer moet word, deurdat die groeiende openbaringshistoriese en heilshistoriese lyne van die Skrif gerespekteer word (vgl HK V/A 19).

Besluit: Goedgekeur.

2. Beswaargronde

2.1 Beswaargrond 1 (3.1)

2.1.1 Die beswaar

2.1.1.1 Die eerste moontlike misverstand wat volgens die beswaardes uit die besluit van 1991 kan ontstaan, is dat die Sinodebesluit verstaan kan word as dat dit kon impliseer dat Ou-Testamentiese tekste “eers later Messiaans sou geword het en nie van die begin af Messiaans bedoel was nie”. Dit sou beteken dat Messiaanse tekste eers later “so ge-her-interpreteer is”.

2.1.1.2 Die beswaardes voer aan dat só ‘n moontlike siening nie aanvaarbaar is nie, nóg op grond van die inspirasie van die Skrif nóg op grond van ons Belydenis.

- 2.1.1.3 Onder hierdie beswaargrond (3.1.1.2) voer die beswaardes verder aan dat die Heilige Gees die outeur van die Skrif is, en as die Gees dan in die Nuwe Testament 'n teks duidelik as Messiaans openbaar of toepas, daardie teks in die Ou Testament reeds as Messiaans beskou moet word. Dit geld ook wanneer Jesus uitdruklik sê dat sy woorde of optrede 'n vervulling van die Ou Testament verteenwoordig.
- 2.1.1.4 Hulle gevolgtrekking is dat, as 'n Ou-Testamentiese outeur self nie beseft het dat hy 'n messiaanse profesie uiter nie, dit steeds in die lig van Nuwe-Testamentiese getuïenis in die Ou Testament as Messiaans beskou moet word.
- 2.1.1.5 Die beswaardes se redenasie begin by die moontlikheid wat hulle raaksien dat die besluit van 1991 kan inhou dat die Messiaanse karakter van die Ou Testament eers vanuit die Nuwe Testament ingelees kan word in die Ou Testament, maar volgens hulle 3.1.1.3.1 gaan dit eintlik oor die uitsluitlike Messiaanse verstaan van sekere Ou-Testamentiese tekste. ("Die Profete het dalk Messiaans geprofeteer oor persone van hulle eie tyd, maar hulle het so gedoen omdat die Heilige Gees hulle sodoende (met of sonder hulle eie begrip daarvan) die Messias ... laat sien het").

Besluit: Kennis geneem.

2.1.2 Beredenering

- 2.1.2.1 U Kommissie is van oordeel dat dit inderdaad so is dat die hele Ou Testament Messiaans gerig is, met 'n openbaringshistoriese lyn wat uitmond in die geboorte van Jesus, die beloofde Messias. Dit is egter so dat verskeie Psalms en profesieë 'n eerste vervulling het wat nie oorspronklik direk Messiaans is nie. Dit kan die Ou-Testamentiese teks geweld aandoen om die meerdere verstaanspotensiaal wat in 'n teks geleë is, weg te neem deur dit primêr as Messiaans aan te toon. Jes 7:14 gee 'n goeie voorbeeld hiervan. Die teks verwys na die komende geboorte van Immanuel. Dit is inderdaad 'n profesie oor die komende Messias – vgl Matt 1:23. Maar binne die konteks van Jesaja is dit ook baie duidelik dat daar 'n "eerste" Immanuel is wat gebore gaan word – en wat 'n profetiese getuïenis gaan wees dat die Woord van die Here waar is (vgl die konteks van die Siro-Efraïmitiese oorlog). Dit beteken nie dat die Messiaanse strekking van Ou Testamentiese tekste misken word nie, maar gee die eksegeet geleentheid om hierdie ryke gelaagdheid van die profesie binne sy openbaringshistoriese lyn aan te toon. Die Ou-Testamentiese konteks van Jes 7 kom inderdaad beter tot sy reg in die prediking as hierdie onderskeid gehandhaaf word – die bedoeling van die eintlike Outeur, die Heilige Gees, word gerespekteer.
- 2.1.2.2 Daar moet in gedagte gehou word dat die Skrif 'n stygende openbaringshistoriese lyn vertoon. Deur in die vertaling aan te sluit by die openbaringshistoriese plek van die teks, kan die Heilige Gees die leser self lei tot 'n ontdekking van die wonderbare ontvouing van God se heilsplan.

Besluit: Kennis geneem.

2.1.3 Bevinding

Die beswaardes toon nie oortuigend aan dat die besluit van 1991 die Messiaanse verkondiging van Ou-Testamentiese tekste sodanig omkeer asof dit eers later Messiaans sou geword het nie.

Besluit: Kennis geneem.

2.1.4 Aanbeveling

Die beswaar slaag nie op hierdie Beswaargrond nie.

Besluit: Goedgekeur.

2.2 Beswaargrond 2 (3.2)

2.2.1 Die beswaar

2.2.1.1 Die tweede moontlike misverstand wat volgens die beswaardes uit die besluit van 1991 kan ontstaan, is dat die Sinodebesluit verstaan kan word as dat dit meebring dat tekste wat in die Nuwe Testament duidelik na Jesus verwys steeds eers as Messiaans geïnterpreteer moet word. In 3.2 voer die beswaardes aan dat hierdie moontlike misverstand die gevolg is van die Sinode se besluit dat die “messianiteit” van sekere Ou-Testamentiese gedeeltes “altyd ‘n saak van interpretasie is”.

2.2.1.2 Die een hoofargument hier is dat Hebreeus wel nie hoofletters gebruik nie, maar dat die Messiaanse toepassing van sekere Ou-Testamentiese tekste in die Nuwe Testament die vertaler nie meer ‘n interpretasiekeuse laat nie. Sodanige tekste moet (met gebruik van hoofletters of andersins) as Messiaans aangedui word.

2.2.1.3 Die beswaardes beredeneer hier weer die Messiaanse karakter van die Ou Testament (3.2.1.3.1.3). Dit is volgens hulle ‘n Skriftuurlike gegewe”, o.a. op grond van 2 Pet 1:19vv.

Besluit: Kennis geneem.

2.2.2 Beredenering

2.2.2.1 Die besluit van 1991 stel onder andere dat die 1983-vertaling “nie in beginsel gekant is teen die Messiaanse vertaling van gedeeltes van die Ou Testament nie” (1991:107, 2.2.7.1.1.1.1). Dit blyk duidelik uit die gebruik van hoofletters in o.a. Jes 9: 5. Wanneer daar nie hoofletters gebruik is nie, gaan dit inderdaad oor interpretasie of daardie betrokke gedeelte primêr Messiaans is. Daarom is die Sinode 1991 inderdaad korrek as hulle sê dat in sulke gevalle daar na die interpretasie van die spesifieke gedeelte gekyk moet word om die vertaling te evalueer (1991:107, 2.1.7.1.1.1.1). Die beswaardes se argument, dat die besluit van 1991 “die geïnspireerde verkondiging van die Heilige Gees misken”, is nie uit hierdie Beswaargrond bewys nie.

2.2.2.2 Oor die Messiaanse karakter van die Ou Testament is daar geen onduidelikheid nie en ook nie oor die feit dat die Ou en Nuwe Testament die eenheid van die openbaring vorm nie. Maar dit maak nog nie dat die Ou Testament vertaal moet word asof dit deel is van die Nuwe Testament nie. Daar moet reg laat geskied word aan die Ou Testament as teks.

2.2.2.3 In 3.2.1.1.1.4 voer die beswaardes aan dat die 1933-vertaling sekere Ou-Testamentiese tekste juis met hoofletters vertaal omdat “die Nuwe Testament daardie tekste pertinent Messiaans aangewys het”. Hierdie bewysvoering dat die vertalingsbeleid van die GKSA t.o.v. die 1983-vertaling soortgelyk behoort te wees (d.w.s. dat Nuwe-Testamentiese aanduiding van die Messiaanse strekking van ‘n Ou-Testamentiese teks die vertaling in die Ou Testament moet bepaal) is egter geensins oortuigend nie. ‘n Studie van dergelyke tekste toon aan dat die 1933-vertaling ook nie konsekwent hierdie weg volg nie. Daar is byvoorbeeld slegs vyf tekste in die Psalms wat in die 1933-vertaling n.a.v. die Nuwe Testament met hoofletters weergegee word, en talle waar dit nie gebeur nie. Een voorbeeld van laasgenoemde is waar

die 1933-vertaling 'n hoofletter plaas by 'n teks waarna daar nie in die Nuwe Testament verwys word nie (bv Ps 45:14). Daar kan dus nie gesê word dat die 1933-vertaling die praktyk konsekwent gevolg het nie, en nog minder dat die 1983-vertaling of toekomstige vertalings (of berymings) hierdie “voorbeeld” van die 1933-vertaling moet volg. Sekere Ou-Testamentiese tekste wat in die Nuwe Testament Messiaans aangehaal word, word óók in die Nuwe testament op menslike vlak toegepas. Vgl Ps 8:7, aangehaal in Heb 2:6–7 en 1 Kor 15:27, eenkeer toegepas op Christus, die ander keer op die mens.

Besluit: Kennis geneem.

2.2.3 Bevinding

Die argumentasie van die beswaardes toon nie aan dat die stelling van 1991, naamlik die gebruik van hoofletters in 'n vertaling om daardeur die Messiaanse karakter van 'n Ou-Testamentiese gedeelte aan te dui, 'n saak van interpretasie is, in stryd is met die Godgegewe Messiaanse karakter van die Ou Testament nie. Daar kan wel met bewysvoering aangetoon word dat meer gedeeltes as waar hoofletters gebruik word, moontlik primêr Messiaans verstaan kan word. Om reg te laat geskied aan die Ou Testamentiese teks kan dit egter nie voor die voet gedoen word nie, aangesien sommige Ou-Testamentiese tekste 'n meervoudige vervulling het.

Besluit: Kennis geneem.

2.2.4 Aanbeveling

Die beswaar slaag nie op hierdie grond nie.

Besluit: Goedgekeur.

2.3 Beswaargrond 3

2.3.1 Die beswaar

Hierdie Beswaargrond stel dat die uitgangspunte wat in 1991 aanvaar is, impliseer dat die Sinode hom uitgespreek het teen die 1933/53-vertaling, wat soms hoofletters gebruik in Messiaanse gedeeltes.

Besluit: Kennis geneem.

2.3.2 Beredenering

Uit die geheel van die besluit van 1991 blyk dit duidelik dat die Sinode hom geensins negatief wou uitspreek teenoor die 1933-vertaling nie.

Besluit: Kennis geneem.

2.3.3 Bevinding

2.3.3.1 Die beredenering van die beswaardes bewys nie die hoofbeswaar van hierdie Beswaargrond nie.

2.3.3.2 Die bewysvoering van die beswaardes toon egter wél aan dat die laaste sin van die besluit van 1991 oor ontmessianisering (1991:107 “Gebruik van hoofletters sê egter dat dit sonder meer en uitsluitlik op die Messias slaan en in stryd is met die historiese verstaan van die Ou Testament”) vir misverstand vatbaar is (vgl 3.3.1.2) omdat dit ongenuanseerd is.

Besluit: Kennis geneem.

2.3.4 Aanbeveling

2.3.4.1 Die beswaar slaag op 'n deel van hierdie onderafdeling.

2.3.4.2 Wat die herformulering betref waarom die beswaardes vra, word aan die versoek voldoen deur die laaste sin van die 1991-besluit in hierdie verband (soos bo aangehaal) te skrap. Die paragraaf eindig dus met “... op die Messias slaan.”

Besluit: Goedgekeur.

2.3.5 Samevattende aanbeveling

2.3.5.1 Die beswaar slaag nie op Beswaargronde 1 en 2 nie.

2.3.5.2 Die beswaar slaag gedeeltelik op Beswaargrond 3.

2.3.5.3 Die Kommissie beveel aan dat die laaste sin van die 1991-besluit (soos hierbo aangehaal) geskrap word.

Besluit: Goedgekeur.

13.4 BESKRYWINGSPUNT VAN DIE SUIDELIKE PARTIKULIERE SINODE: MISBRUIK VAN DIE NAAM VAN DIE HERE (Artt.8, 103, 138, 208)

A. Ds. CS Grobler stel die Beskrywingspunt.

B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word verwys na die Kommissie : Samelewing.

C. Ds. JH Howell rapporteer namens die Kommissie : Samelewing.

D. BESKRYWINGSPUNT

Dat die GKSA by monde van die Nasionale Sinode 'n openbare Christelike getuienis lewer ten opsigte van die misbruik van die Naam van God wat daagliks in die openbare media en teaters voorkom, dat hierdie getuienis aan die Publikasie/Appèlrade oorgedra word en dat lidmate opgeroep word om self op te tree waar die Naam van die Here misbruik word.

1. Agtergrond

As agtergrond word verwys na die huidige situasie:

- a) Veral die elektroniese media se misbruik van God se Naam as 'n uitroep of stopwoord asook die voortdurende gebruik van vuil taal wat hinderlik en onnodig is. Die gebruik van God se Naam het meestal geen verband met die aksie/voorval of gesprek waartydens dit gebruik word nie.
- b) Die gebruik van God se Naam het 'n leë gewoonte sonder betekenis geword en is nie werklik 'n aanroep van sy Naam nie.
- c) Dit is geen voorbeeld vir ons kinders nie, omdat die misbruik van God se Naam vestig in die volksmond en openbare lewe en daardeur veroorsaak dat die respek vir God se Naam verlore gaan.
- d) Hoewel daar wel verhoë en omsendskrywes rondom hierdie onderwerp die rondte doen, het die kerk van Christus as instituut hom nog nie in die openbaar oor die misbruik van God se Naam uitgespreek nie.
- e) Die stilswyende goedkeuring deur lidmate deurdat hulle teaterstukke en filmvertonings bywoon waar die Naam van die Here misbruik word.
- f) Dit is vreemd dat dit altyd die Here se Naam is wat so misbruik word, maar nooit Allah,
- g) Mohammed of Buddah of watter ander nie-christelike figure ook al nie.

2. Motivering

Die Skrif is baie duidelik in beide die Ou en Nuwe Testament oor die gebruik van Sy Naam. Eksodus 20:7; Matteus 6:9

Dwarsdeur die Bybel is die Here dié God wat eerbied, ontsag en liefde van die mens verwag. Die eerbied en liefde moet onder andere tot uiting kom in belydenis, gebed

en aanbidding. Ligvaardige (ligtelike) gebruik van God se Naam is die teenoorgestelde van eerbied en liefde.

Die taak om sulke sake aan te spreek lê op die pad van elke individuele lidmaat wat voortdurend daarin opgeskerp moet word. Die prediking behoort daarop gerig te wees om lidmate toe te rus vir die daaglikse probleme en vraagstukke en die lidmaat behoort hom in sy daaglikse omgang teenoor die sekulêre wêreld te kan verantwoord.

Maar in die huidige tyd is dit belangrik dat die Kerk van Christus as instituut ook die Christelike stem laat hoor oor enige sake waar die Wet van God oortree word of waar die Christelike alternatief die beter alternatief is.

In vandag se tyd waar kommunikasie so vinnig plaasvind, is dit uiters belangrik dat die Kerk van Christus en sy lidmate paraat moet wees en pro-aktief moet optree.

In hierdie getuienis behoort alle ander Christelike kerkgemeenskappe opgeroep te word om hierdie getuienis in die openbaar te ondersteun sodat die stem van alle Christene daardeur gehoor kan word.

Besluit: Die Sinode besluit soos volg oor die Beskrywingspunt:

1. Dat daar aan die Beskrywingspunt gevolg gegee word.
2. Die volgende word as 'n openbare Christelike getuienis ten opsigte van die misbruik van die Naam van die Here voorgestel:

DIE GEREFORMEERDE KERKE VERKLAAR SOOS VOLG OOR DIE MISBRUIK VAN DIE NAAM VAN DIE HERE EN OOR VLOEKWOORDE IN DIE ALGEMEEN

1. Die Gereformeerde Kerke spreek hom met ontsteltenis uit teen die toenemende misbruik van die Naam van die Here in die media, teaters en in alledaagse spraakgebruik. Die krenkende en mens-onterende gebruik van vloekwoorde in gewone gesprekke en in die openbare media word betreur.
2. Ter wille van die eer van God:
 - 2.1 Roep die Sinode en kerke op om deurlopend teen die openbare en private misbruik van die Naam van die Here te waak en beswaar te maak. Dieselfde oproep geld ten opsigte van die toenemende gebruik van mens-onterende vloekwoorde, selfs in alledaagse gesprekke.
 - 2.2 Doen die Sinode 'n dringende beroep op die pers, skrywers, openbare uitsaaiers, teatergroepe en individue om die misbruik van die Naam van die Here te staak en te verhoed. Verder moet vuil taal, vloekery en haatspraak gestaak word. Dit is ook ontering van God se Naam wanneer die mens as beeld van God daardeur afgebreek word (Jak 3:9). Vloekery en haatspraak skaad die eer en die goeie naam van 'n medemens. Daarteenoor is dit juis ons roeping om deur opbouende taalgebruik (Ef 4:29) ons naaste se goeie naam te bevorder.
 - 2.3 Wys die Sinode die owerhede daarop dat hulle die verantwoordelikheid het om Christene in hierdie verband te respekteer en om hulle daarin te ondersteun (art. 36 NGB).
3. Vir die uitvoering van 2.3 word aanbeveel dat die saak verwys word na die Deputate Skakeling met die Owerheid om dit deur te gee aan die ter saaklike owerhede.

Besluit: Goedgekeur.

13.5 INLIGTING OOR DIE KUNG BOESMANVERTALING (Art.155)

A. Dr. AJ Krüger rapporteer namens die Kommissie : Bybel en Media.

1. Sake waarvan die Sinode kennis moet neem

- 1.1 Die kommissie het hierdie skrywe in behandeling geneem via die Ordekommissie.
- 1.2 Ons is dankbaar vir die groot werk wat hier gedoen word.
- 1.3 Wat die huidige stand van sake betref, neem die Sinode kennis van die volgende:
 - 1.3.1 Net voor die einde van die vertaalproses is daar 'n ander amptelike ortografie vir o.a. Kung Boesman aanvaar as dié wat ds van der Westhuizen ontwerp het. Dit bring mee dat daar probleme is t.o.v. die publikasie van die Boesmanbybel.
 - 1.3.2 Die Namibiese Bybelgenootskap, in lyn met die riglyne van die UBS, publiseer nie Bybels vir taalgroepe wat minder as 'n vasgestelde hoeveelheid potensiële lesers het nie. Die Boesmanbybel val in hierdie kategorie. Daarom sal die BGN nie die Bybel publiseer nie. Hulle stel egter hulle geriewe tot beskikking van die projek.
 - 1.3.3 Verskeie afskrifte van die meesterkopieë van die gelese Bybel is beskikbaar en word bewaar, hoewel sommige daarvan se kwaliteit nie na wense is nie. Daar word gewerk om die kwaliteit van die meesterkopieë te verbeter. Die klankopnames sal ook mettertyd op CD beskikbaar gestel word, hoewel sekere tegniese probleme eers aangespreek moet word. Probleme met die kopiëring van klankkassette, a.g.v. 'n tegniese probleem met die kopieermasjien van Media vir Christus, is grootliks uitgesorteer en die werk sal DV nou weer voortgaan.
 - 1.3.4 Die projek het 'n begroting van ongeveer N\$150 000.
 - 1.3.5 Sr. Adriana van der Westhuizen (weduwee van ds. Flip) en 'n span helpers is aktief besig met die verspreiding van bandjies.
- 1.4 Die Sinode neem kennis van die uitdagings wat die projek in die oog staar (waaronder die veranderde ortografie, probleme met finale kopie en probleme met duplisering).
- 1.5 Ons is dankbaar vir alle betrokkenes wat die projek verder voer, en in besonder sr. Adriana van der Westhuizen (weduwee van ds. Flip van der Westhuizen) en haar helpers.

Besluit: Kennis geneem.

2. Aanbeveling

- 2.1 Dat daar dankbaar kennis geneem word van die inligting wat verskaf is.
- 2.2 Dat dit aan die vryheid van kerke en lidmate oorgelaat word om finansieel tot die projek by te dra.

Besluit: Goedgekeur.